

10 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 13:1-5; 42-52
Fokusgedeelte: Handeling 13:3

Gebed laat Woordverkondiging slaag

Die geskiedenis van die kerk het by 'n baie belangrike keerpunt gestaan. Vir die eerste keer sou die Woord ver buite die omgewing van Jerusalem en Antiochië verkondig word. *Dit het gebeur eers nadat die gemeente van Antiochië gebid het* (:2, 3).

Paulus en Barnabas gaan op die eerste sendingreis na Siprus en Klein-Asië. Die gevolge is verstommend: In Antiochië in Pisidië ('n ander Antiochië as waar hulle hul reis begin het) het byna die hele stad die tweede Sabbatdag bymekaargekom om die Woord van die Here te hoor (:44). Daar was egter ook teenstand van die Jode se kant af, waarop Paulus aan hulle gesê het dat hy nou die Woord aan heidene (nie-Jode) gaan verkondig (:46). “Toe die heidene dit hoor, was hulle baie bly oor die Woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword” (:48).

Die Woord het daarna dwarsdeur die streek versprei (:49). Daarna is Paulus-hulle deur die Jode uit die streek verdrywe, maar “die gelowiges in Antiochië was vol blydschap en vol van die Heilige Gees” (:52). Dit alles omdat 'n gemeente vir die verkondiging van die Woord gebid het!

Bid vir die volgende:

- Dat ons ook so 'n biddende gemeente sal wees.
- Dat God ons gebede so sal verhoor dat mense van hier af uitgestuur sal word om die Woord uit te dra.
- Dat ons ook so vol blydschap sal wees oor die Woord wat tot by ons gekom het.
- Dat ons met die verwagting sal bid dat God dit wat ons vra, vir ons sal gee.
- Dat God se Woord ook van ons af deur die hele gebied sal versprei.

Sing: Psalm 18:20 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)